‘n Kerk wat vir almal skadu bied | 22 Januarie 2023 | Ds. Teodor van der Spuy

tvanderspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Die visie van Esegiël 47 vertel ons van bome wat vrug dra, wat genesing bring en wat ook uiteindelik koelte bring. Koeltebome het reg oor Afrika die vermoë om mense bymekaar te bring veral waar die son baie warm skyn. Koeltebome is metafories vir lidmate wat deur hulle lewens mense nooi om meer te kom leer oor Jesus.

Wenke vir leier

Ons begin ‘n aktiewe proses om nog gemeenteleiers op te rig. Almal in jou kring het die potensiaal om groter leiding te neem in God se koninkryk. Bevestig hierdie waarheid in jou kring. Dat God hulle reeds geroep het vir leierskap.

Lees saam

Jona 4

Gesels saam

1. Jona is in ‘n diep worsteling met God net buite Nineve. Wat gebeur met Jona as die plant oor hom rankplant en hom uit die son hou?
2. Die rankplant maak Jona bewus van God se teenwoordigheid. Is julle kring ‘n plek waar God se teenwoordigheid beleef word? Noem voorbeelde.
3. Is daar mense wat deur die loop van die jaar nader genooi kan word aan die koelte wat julle kring hulle bied?

Doen saam

Maak ‘n lys van geestelike behoeftes wat mense rondom julle het wat aangespreek kan word deur die kerk. Sodat die kerk al hoe meer "spasies van koelte" kan bied teen die bloedige son (mense se behoeftes). Stuur dit vir Alma (sien epos onder) by kringe sodat die leraars dit kan aanspreek in sessies en preke.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier vir verdere studie materiaal

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100
Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035